MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

26 APRIL 2011

Freedom Day message

"Considering the testimony given by Julius Malema in his hate speech trial, South Africans of all walks of life have serious concerns on how free the country is at present, and what the future prospects are." So says Christian Democratic Party leader, Rev. Theunis Botha.

"It has been proven beyond all doubt that the ANC's idea of democracy is identical to what political scientists call the dictatorship of the majority. True democracy means that the ruling party rules in general interest, and not only in the interest of the party's supporters. In a true democracy, the ruling party respects the constitution and does not insist on targeting a section of the population with hate speech. In a true democracy, there is a clear distinction between party and government, and between the three spheres of government."

"Romanticising communism is no barometer of freedom, and so also enslaving a population in poverty through nepotism and a society where corruption has become endemic, is also no barometer of freedom. A country valuing freedom does not sell weapons to states such as Libya and Syria. Such a country also does not drop significantly on the press freedom index. In a free country laws running against the grain of the majority religion are not implimented, in this case the Christians and the rights of minorities are protected, not singled out for discriminatory measures."

"In a free society the police are not facing an increasing number of brutality complaints, and an unarmed protestor is not shot at close range when he does not threaten the life or property of anyone.

"South Africans must judge for themselves how free they are. Should Freedom day not be utilised as stock taking day to analyse what should be done to restore freedom - It is clear that voting for the ANC will not secure and entrench freedom."

Vryheidsdagboodskap

"As die getuienis wat Julius Malema in sy haatspraakverhoor gelewer het as barometer vir die stand van vryheid moet dien, is die land kniediep in die moeilikheid, en lyk die toekoms vir vryheid ook maar donker." So sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party.

"Dit is nou bo alle twyfel bewys dat die ANC se idee van demokrasie identies is aan dit wat politieke wetenskaplikes as die diktatuur deur die meerderheid beskryf. In 'n ware demokrasie regeer 'n regerende party in algemene belang en nie net in belang van die party se ondersteuners nie. In 'n ware demokrasie respekteer die regering die grondwet en word 'n deel van die bevolking nie die teiken van haatspraak gemaak nie. In 'n ware demokrasie is daar 'n duidelike onderskeid tussen die verskillende sfere van regering."

"Die romantisering van Kommunisme is geen barometer van vryheid nie, en so ook nie die uitlewering van die bevolking deur nepotisme en korrupsie wat endemies geword het nie. 'n Staat wat waarde heg aan vryheid, ver koop nie wapens aan state soos Libië en Sirië nie. So 'n land tuimel ook nie aanmerklik op die persvryheidsindeks nie. In 'n vry land word ook nie wetgewing op die wetboek geplaas wat teen die grein van die meerderheidsgodsdiens ingaan nie – in dié geval Christene – en word die regte van minderhede beskerm, nie uitgesonder vir diskriminerende handelings nie. "

"In 'n vrye samelewing neem die aantal klagtes van polisie-brutaliteit nie toe nie, en word 'n betoger nie op kort afstand geskiet terwyl hy geen bedreiging vir lewe en eiendom inhou nie. Suid-Afrikaners moet self oordeel hoe vry hulle is, en of Vryheidsdag nie eerder benut moet word om te ontleed wat gedoen moet word om vryheid te herstel nie. Dit is duidelik dat om vir die A NC te stem nie vryheid bestendig of waarborg nie."